


**BUITENGEWONE**



**EXTRAORDINARY**

# Staatskoerant

**VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA**

---

**THE UNION OF SOUTH AFRICA**

# Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

---

**VOL. CC.] PRYS 6d.**

**KAAPSTAD, 7 APRIL 1960.  
CAPE TOWN, 7TH APRIL, 1960.**

**PRICE 6d. [No. 6413.]**

---

**DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.**

**DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.**

**No. 522.] [7 April 1960.**

**No. 522.] [7th April, 1960.**

Hierby word bekend gemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information:—

	BLADSY
No. 32 van 1960: Wysigingswet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1960 ..	2
No. 34 van 1960: Wet op Onwettige Organisasies, 1960 .. .. .	4

	PAGE
No. 32 of 1960: Extension of University Education Amendment Act, 1960 .. ..	3
No. 34 of 1960: Unlawful Organizations Act, 1960 ..	5

No. 32, 1960.]

**WET**

**Tot wysiging van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, en die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare, 1959.**

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 7 April 1960.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van  
artikel 2 van  
Wet 45 van 1959.

1. Artikel *twee* van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby gewysig deur aan die end van sub-artikel (1) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat die gelde wat vir kapitaaluitgawes in verband met sodanige kolleges benodig word, uit gelde deur die Parlement uit die Leningsrekening bewillig, beskikbaar gestel kan word onderworpe aan terugbetaling aan daardie rekening uit die Bantoe-onderwysrekening op die tye en op die bedinge en voorwaardes deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal.”.

Wysiging van  
artikel 2 van  
Wet 64 van 1959.

2. Artikel *twee* van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare, 1959, word hierby gewysig deur aan die end van paragraaf (a) van sub-artikel (4) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat die gelde wat vir kapitaaluitgawes in verband met die universiteitskollege benodig word, uit gelde deur die Parlement uit die Leningsrekening bewillig, beskikbaar gestel kan word onderworpe aan terugbetaling aan daardie rekening uit die Bantoe-onderwysrekening op die tye en op die bedinge en voorwaardes deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal.”.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1960.

No. 32, 1960.]

# ACT

**To amend the Extension of University Education Act, 1959, and the University College of Fort Hare Transfer Act, 1959.**

*(English text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 7th April, 1960.)*

**BE IT ENACTED** by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

**1.** Section *two* of the Extension of University Education Act, 1959, is hereby amended by the addition at the end of sub-section (1) of the following proviso: Amendment of section 2 of Act 45 of 1959.

“Provided that the moneys required for capital expenditure in connection with such colleges may be made available from moneys appropriated by Parliament out of the Loan Account subject to repayment to that Account from the Bantu Education Account at such times and upon such terms and conditions as the Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine.”.

**2.** Section *two* of the University College of Fort Hare Transfer Act, 1959, is hereby amended by the addition at the end of paragraph (a) of sub-section (4) of the following proviso: Amendment of section 2 of Act 64 of 1959.

“Provided that the moneys required for capital expenditure in connection with the university college may be made available from moneys appropriated by Parliament out of the Loan Account subject to repayment to that Account from the Bantu Education Account at such times and upon such terms and conditions as the Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine.”.

**3.** This Act shall be called the Extension of University Education Amendment Act, 1960. Short title.

No. 34, 1960.]

**WET**

Om die Goewerneur-generaal te magtig om, met die oog op die openbare veiligheid of die handhawing van die openbare orde, by proklamasie in die *Staatskoerant* die Pan Africanist Congress en die African National Congress en sekere ander organisasies tot onwettige organisasies te verklaar, om die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, te wysig, en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 7 April 1960.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

Onwettige organisasies.

1. (1) Indien die Goewerneur-generaal oortuig is dat die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde ernstig bedreig word of waarskynlik ernstig bedreig sal word as gevolg van die bedrywighede van die liggaam bekend as die Pan Africanist Congress of die liggaam bekend as die African National Congress, dan kan hy, sonder kennisgewing aan die betrokke liggaam, daardie liggaam, met inbegrip van alle takke, afdelings, of komitees daarvan, en alle plaaslike, streek- of hulpliggame wat deel daarvan uitmaak, by proklamasie in die *Staatskoerant* tot 'n onwettige organisasie verklaar.

(2) Indien die Goewerneur-generaal oortuig is dat die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde ernstig bedreig word of waarskynlik ernstig bedreig sal word as gevolg van die bedrywighede van enige organisasie wat na sy mening in die lewe geroep is met die oogmerk om regstreeks of onregstreeks enige van die bedrywighede van 'n liggaam wat kragtens sub-artikel (1) tot 'n onwettige organisasie verklaar is, voort te sit, of van 'n organisasie wat na sy mening bedoelde of enige dergelike bedrywighede regstreeks of onregstreeks voortsit of voornemens is om dit voort te sit, kan hy, sonder kennisgewing aan die betrokke organisasie, daardie organisasie by proklamasie in die *Staatskoerant* tot 'n onwettige organisasie verklaar.

(3) 'n Kragtens sub-artikel (1) of (2) uitgevaardigde proklamasie bly van krag vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, maar die duur daarvan kan van tyd tot tyd by dergelike proklamasie in die *Staatskoerant* vir verdere tydperke van hoogstens twaalf maande op 'n keer verleng word.

(4) Die Goewerneur-generaal kan 'n kragtens sub-artikel (1) of (2) uitgevaardigde proklamasie by dergelike proklamasie in die *Staatskoerant* intrek.

Toepassing van Wet 44 van 1950 met betrekking tot onwettige organisasies.

2. Die bepalinge van artikel *een*, sub-artikel (3) van artikel *twee*, en artikels *drie* tot en met *vyftien* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, behalwe sub-artikel (10) van artikel *vier*, artikels *vyf bis* en *ses*, paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) en sub-artikel (2) van artikel *sewe*, en artikels *agt*, *agt bis*, *nege*, *tien* en *veertien*, is, vir sover hulle daarby aanpas en toegepas kan word, *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n organisasie wat luidens 'n proklamasie kragtens sub-artikel (1) of (2) van artikel *een* van hierdie Wet 'n onwettige organisasie is, en vir dié doel—

- (a) word 'n verwysing in die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, na 'n organisasie wat kragtens sub-artikel (2) van artikel *twee* van daardie Wet tot 'n onwettige organisasie verklaar is, uitgelê as 'n verwysing na 'n organisasie wat kragtens sub-artikel (1) of (2) van artikel *een* van hierdie Wet tot 'n onwettige organisasie verklaar is;
- (b) word 'n verwysing in die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, na die datum van inwerking-treding van daardie Wet uitgelê as 'n verwysing na die datum van inwerking-treding van hierdie Wet;
- (c) word 'n verwysing in die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, na die datum waarop 'n organisasie luidens 'n proklamasie kragtens sub-artikel (2) van artikel *twee* van daardie Wet 'n onwettige organisasie word, uitgelê as 'n verwysing na die datum waarop 'n organisasie luidens 'n proklamasie kragtens sub-artikel (1) of (2) van artikel *een* van hierdie Wet 'n onwettige organisasie word;

No. 34, 1960.]

# ACT

To empower the Governor-General, with a view to the safety of the public or the maintenance of public order, by proclamation in the *Gazette* to declare the Pan Africanist Congress and the African National Congress and certain other organizations to be unlawful organizations, to amend the Riotous Assemblies Act, 1956, and to provide for other incidental matters.

(English text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 7th April, 1960.)

**BE IT ENACTED** by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. (1) If the Governor-General is satisfied that the safety of the public or the maintenance of public order is seriously threatened or is likely to be seriously threatened in consequence of the activities of the body known as the Pan Africanist Congress or the body known as the African National Congress, he may, without notice to the body concerned, by proclamation in the *Gazette* declare such body, including all branches, sections or committees thereof, and all local, regional or subsidiary bodies forming part thereof, to be an unlawful organization. Unlawful organizations.

(2) If the Governor-General is satisfied that the safety of the public or the maintenance of public order is seriously threatened or is likely to be seriously threatened in consequence of the activities of any organization which in his opinion has been established for the purpose of carrying on directly or indirectly any of the activities of any body which has in terms of sub-section (1) been declared to be an unlawful organization, or of any organization which in his opinion directly or indirectly carries on or proposes to carry on any of the said or any like activities, he may, without notice to the organization concerned, by proclamation in the *Gazette* declare such organization to be an unlawful organization.

(3) Any proclamation issued under sub-section (1) or (2) shall remain in force for a period not exceeding twelve months, but the duration thereof may from time to time be extended by like proclamation in the *Gazette* for further periods not exceeding twelve months at a time.

(4) The Governor-General may withdraw any proclamation under sub-section (1) or (2) by like proclamation in the *Gazette*.

2. The provisions of section *one*, sub-section (3) of section *two*, and sections *three* to *fifteen*, inclusive, of the Suppression of Communism Act, 1950, except sub-section (10) of section *four*, sections *five bis* and *six*, paragraph (b) of sub-section (1) and sub-section (2) of section *seven*, and sections *eight*, *eight bis*, *nine*, *ten* and *fourteen*, shall in so far as they are appropriate and can be applied, *mutatis mutandis* apply with reference to any organization which in terms of a proclamation under sub-section (1) or (2) of section *one* of this Act is an unlawful organization, and for that purpose— Application of Act 44 of 1950 in respect of unlawful organizations.

(a) any reference in the Suppression of Communism Act, 1950, to any organization which has in terms of sub-section (2) of section *two* of that Act been declared to be an unlawful organization, shall be construed as a reference to an organization which has been declared to be an unlawful organization under sub-section (1) or (2) of section *one* of this Act;

(b) any reference in the Suppression of Communism Act, 1950, to the date of commencement of that Act, shall be construed as a reference to the date of commencement of this Act;

(c) any reference in the Suppression of Communism Act, 1950, to the date on which any organization becomes an unlawful organization in terms of a proclamation under sub-section (2) of section *two* of that Act, shall be construed as a reference to the date on which an organization becomes an unlawful organization in terms of a proclamation under sub-section (1) or (2) of section *one* of this Act;

- (d) word 'n verwysing in die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, na die oogmerke van kommunisme, uitgelê as 'n verwysing na die oogmerke van 'n organisasie wat luidens 'n proklamasie kragtens sub-artikel (1) of (2) van artikel *een* van hierdie Wet 'n onwettige organisasie is; en
- (e) word die verwysing in sub-artikel (3) van artikel *twee* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, na paragraaf (b), (c) of (d) van sub-artikel (2) van artikel *twee* van daardie Wet, as 'n verwysing na artikel *een* van hierdie Wet uitgelê.
- Verslae aan Parlement.      3. Die Minister moet afskrifte van enige proklamasie wat kragtens artikel *een* uitgevaardig word, in beide Huise van die Parlement ter Tafel lê binne veertien dae na die afkondiging daarvan as die Parlement dan byeen is, of, as die Parlement dan nie byeen is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.
- Wysiging van artikel 15 van Wet 17 van 1956.      4. (1) Artikel *vyftien* van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, word hierby gewysig deur al die woorde na die woord „strafbaar” deur die woorde „met die strawwe in artikel *twee* van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet No. 8 van 1953), voorgeskryf” te vervang.  
(2) Sub-artikel (1) word geag op die agt-en-twintigste dag van Maart 1960 in werking te getree het.
- Toepassing in Suidwes-Afrika.      5. Hierdie Wet is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika.
- Kort titel.      6. Hierdie Wet heet die Wet op Onwettige Organisasies, 1960.

- (d) any reference in the Suppression of Communism Act 1950, to the objects of communism, shall be construed as a reference to the objects of an organization which is an unlawful organization in terms of a proclamation under sub-section (1) or (2) of section *one* of this Act; and
- (e) the reference in sub-section (3) of section *two* of the Suppression of Communism Act, 1950, to paragraph (b), (c) or (d) of sub-section (2) of section *two* of that Act, shall be construed as a reference to section *one* of this Act.

3. The Minister shall lay copies of any proclamation issued under section *one* on the Tables of both Houses of Parliament within fourteen days after the publication thereof, if Parliament is then in session, or, if Parliament is not then in session, within fourteen days after the commencement of its first ensuing session. Reports to Parliament.

4. (1) Section *fifteen* of the Riotous Assemblies Act, 1956, is hereby amended by the substitution for all the words following the word "liable" of the words "to the penalties prescribed in section *two* of the Criminal Law Amendment Act, 1953 (Act No. 8 of 1953)". Amendment of section 15 of Act 17 of 1956.

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the twenty-eighth day of March, 1960.

5. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa. Application to South-West Africa.

6. This Act shall be called the Unlawful Organizations Act, 1960. Short title.